JAARVERSLAG 2015

Drakensberger Beestelersgenootskap

JAARVERSLAG 2015

Verslag van die Drakensberger Beestelersgenoot-skap en die Raad se werksaamhede gedurende 2014/15

Aan ons Skepper en Hemelse Vader bring ek al die lof, eer en dank vir die seëninge wat Hy so mildelik op ons elkeen uitstort en dat Hy Sy hand van bewaring oor ons hou. In 'n uiters uitdagende jaar het die Drakensbergers steeds presteer en hul kant gebring. Eerstens wil ek elkeen bedank vir sy/haar betrokkenheid by die aktiwiteite wat gedurende die jaar deur die Genootskap aangebied is. Ek wil nie name noem nie want daar is te veel, maar sal enkele uitsonderings maak. Ek meld dit wat ons hierdie jaar gedoen het.

KANTOOR EN DIE SEKRETARIAAT

Die eerste volle jaar by die Sekretariaat het gepaard gegaan met 'n paar groeipyne maar sake verloop nou vlot. Ek moet meld dat mnr. Chris Els uit sy pad gegaan het om te help waar daar probleme was. Lizanne Vermeulen wat as sekretaresse toegewys is aan die Drakensbergers het ook uit haar pad gegaan om te help. Haar swangerskap gedurende 2015 het egter sy tol geëis en sy het heelwat gesondheidsprobleme ondervind. Sy het op 12 Augustus 2015 die lewe geskenk aan 'n dogtertjie. Ons wens haar en Ben sterkte toe met die grootmaak van Lené.

Ronandé Wiese het as tydelike sekretaresse opgetree en is sedert 1 September voltyds vir die Drakensbergers aangestel. Sy hanteer ook die miniatuurperde. Ronandé het al verskeie jare saam met Elsa van den Berg gewerk en ken dus die opset by SA Stamboek. Haar pos by Stamboek is afgeskaf en daarom het sy aansoek gedoen vir hierdie pos. Sy het baie vinnig geleer en doen reeds uitstekende werk. Met die aanloop tot hierdie vergadering, het Dagbestuur- en Raadsvergaderings, veilings en spesiale keurings skielik vir haar nuwe betekenis gekry. Sover het sy die toets met onderskeiding geslaag en sien ons daarna uit om die pad vorentoe saam met haar te stap.

FINANSIES

Hierdie afdeling by die Sekretariaat hanteer 28 verskillende rasse se finansies en u moet begrip hê vir hierdie dames se werkslading. Me. Yvonne Binding is as rekenmeester verantwoordelik vir die uitbetaling van eise, navrae en die dag-tot-dag bestuur van die finansies. Me. Chantelle Milligan is die debiteureklerk en verantwoordelik vir die fakturering van lede. Ons het aan die begin maar gesukkel om gewoond te raak aan die finansiële stelsel by die Sekretariaat. Ek moet meld dat die Raad dit nou onder die knie het en dat dit voortaan net beter sal gaan. Ek wil van hierdie geleentheid gebruik maak om Yvonne te bedank vir haar geduld met ons. Moet asseblief nooit huiwer om ons op foute van ons kant af te wys nie. Navrae is baie vinnig hanteer en antwoorde was altyd korrek gegee.

Ek kan u verseker dat die Genootskap se fondse in veilige hande is en alle betalings is openlik en deurdag. Alle eise wat die kantoor ontvang word aan Rodney Neuman en myself gestuur om na te gaan of die eis geldig is. Rodney keur die geldige eise eers goed voor dit op die stelsel gelaai word deur Yvonne. Die lys van transaksies word dan deur mnr. Els goedgekeur voordat die betaling deurgaan. Aan die einde van die maand word die grootboekrekening, debiteurelys en bankstate aan elke Raadslid gestuur vir kontrole. Die begroting word deur Willie Landman opgestel en deur hierdie vergadering goedgekeur. Hy waak getrou oor elke item en sou daar enige neiging wees tot oorspandering, sal hy die Raad daarop wys. Soos gesien in die finansiële state is geen gelde onbehoorlik spandeer nie en het ons onderspandeer. Dit is dan ook die rede hoekom ons dit nie vanjaar kon regverdig om fooie te verhoog nie.

Ek wil die Dagbestuur en Yvonne Binding spesiaal bedank vir hul getroue en noukeurige bestuur van die Genootskap se finansies.

REKLAME

Na verlede jaar se AJV het 'n paar Raadslede met me. Alda Fourie van Xcellenté Business Solutions vergader om moontlike betrokkenheid by die reklame van die Ras te bespreek. Die besluit om van haar dienste gebruik te maak het ons bemarking net positief beïnvloed. Sy is ook by SA Stamboek en Bloemfontein Skou betrokke.

Alda het baie druk van die Raadslede afgehaal deurdat sy deurlopend al die bemarkingsaksies opgevolg en betyds afgehandel het. Sy het die Veeplaas-pakket (advertensies, artikels, handelsnuus, veilingsdatums en resultate asook radio-onderhoude) deeglik bestuur en elke moontlike kans op blootstelling benut. Sy vat nie "nee" vir 'n antwoord nie en skakel net weer môre. Haar deeglike beplanning en werk met die Landbouweekblad Bylaag span die kroon op ons reklame vir die jaar.

Die Raad het 'n redelike lang lys met moontlikhede opgestel en aan haar deurgegee. Sy het na elke detail gekyk om te pas by die tema "Die ware winsbees se kommersiële suksesverhaal" en heelwat artikels het in die proses gesneuwel en nie die Bylaag gehaal nie. Sy het advertensies gewerf en ook uiters mededingende pryse bekom by Landbouweekblad. Daardie voordeel is aan u, as teler, gegee.

Die vertaling van die Bylaag in Engels, 'n eerste vir ons Genootskap, was ook haar inisiatief en daardeur het ons adverteerders dubbele blootstelling gekry teen geen ekstra koste nie.

Alda het al die advertensies hanteer en het kontak met Landbouweekblad, Farmer's Weekly en Veeplaas vir moontlike advertensie opsies vir die komende jaar. Daar het ook 'n advertensie en artikel in die Junie uitgawe van Agriforum in Namibië verskyn. Hier wil ek dr. Hannes Dreyer se betrokkenheid ook noem. Daar verskyn ook artikels in Landbouweekblad en Farmer's Weekly.

Ons het die afgelope jaar R321,167.00 op Raspromosie spandeer wat neerkom op R32.37 per dier gehef.

Onder reklame is die volgende gedoen:

- **NAMPO** (hier moet ek Pieter Esterhuizen en Henk Delport uitsonder). Sonder dat ons gevra het, is die stalletjie mooi en netjies skoongemaak en uitgeverf. Dit was 'n groot bederf en 'n groot dankie daarvoor. Fanie van Dyk en Piet de Villiers het die stalletjie beman en Gawie en Frik Roux het die diere binne voorsien en Black Hills buite. Noordwes se manne was ook op hul pos daar.
- Vir **Val-Boeredag** voorsien Neuman Broers die beeste saam met Louis Botha.
- By **Potchefstroom Lenteskou** stal Black Hills beeste uit.
- By **Ermelo skou** is Petrus Taljaard daar met sy beeste.
- **Clocolan skou**: Henk Delport verteenwoordig ons daar met sy beeste.
- By **Ficksburg** herlei Henk Delport die fietsroetes deur sy grond en verby sy Drakensbergers vir blootstelling.
- Marthinus Willemse is betrokke by die **Memel voerkraal** projek.
- Tukkies se finalejaar **Landbou-studente** besoek **Vrede** oor drie dae en dr. Hannes Dreyer sorg dat Neuman Broers en Louis Botha die Drakensbergers op die voorgrond hou.
- Op **Vryheidveiling** behaal dr. Hans Schütte die eerste plek met 'n groep van 3 bulle.
- By die **Bloemfontein skou** vertoon Gawie en Frik Roux hul bul GR120036 in die Groeitoetsklas. Edmund Schroeder se koei SS030032 ontvang die Landbouweekblad Elite koei toekenning. Tydens die Jakaranda skou in Pretoria ontvang GR060606 van Gawie en Frik Roux die Farmer's Weekly toekenning.
- Jean van der Merwe sorg vir blootstelling op Facebook en ander sosiale media.

INLIGTINGSDAE word aangebied by Black Hills op Rooipoortjie, Potchefstroom (Fox in the Hills dag), Neuman Broers op Newlands Vrede, Gawie en Frik Roux op Rondebossie Ventersburg, 6+ Telers op Helderfontein by Carel Nel Brandfort en die Noord-Oos-Vrystaat studiegroep hou twee byeenkomste by Thys le Roux en Gawie Roux. Piet de Villiers is ook hier betrokke.

Drakensbergers word ook vertoon op die **Jeugskou** waar Johan van Staden die wêreld vol ry vir die skoue. Johan doen hier uitsonderlik goed vir die Drakensbergers deurdat hy sy diere aan die vertoners beskikbaar stel. Daar verskyn 1 Nuusbrief gedurende Desember met Lizanne en Carel Nel aan die stuur. Die kalender verskyn, maar met die poskantoorstaking is dit eers in Februarie 2015 beskikbaar.

TEGNIES

Gawie Roux is die Raadslid in beheer en het in samewerking met SA Stamboek die nuwe katalogus formaat bewerk. 'n Projek om die verspreiding van speen data oor die land in substreke op te deel is gedoen en ons wag op die finale verslag. Oom Eli van der Merwe was ook betrokke by die tegniese komitee.

NAVORSING

Dr. Johann Fourie is die Raadslid in beheer en daar is verskeie projekte aan die gang. Me. Lené Pienaar van die LNR is besig met 'n studie oor die samestelling van die Drakensberger waar sy al die beskikbare DNA profiele gebruik. Prof. Frikkie Neser van UVS is ook betrokke by projekte. Die Drakensberger sal eers later deel word van die Vaalharts kruisteel projek, as gevolg van die beperking op weidingskapasiteit.

'n Genomika projek by die Universiteit van Pretoria is aan die gang waar 35 volledige SNP ontledings van belangrike voorouers gedoen is. Die "Beef Genomics Programme" is reeds bevestig en die Drakensberger is deel daarvan en word deur die staat befonds. Die projekplan is reeds in samewerking met drs. Japie en Bobbie van der Westhuizen van SA Stamboek saamgestel. Daar sal jaarliks ongeveer 200 SNP ontledings gedoen word uit die projek. As Genootskap sal ons net verantwoordelik wees vir die gedeelte van die bestuursfooi wat ons as persentasie van die projek gebruik. Die koste van SNP ontledings is naby R1 700.00 per SNP en is gekoppel aan die Rand/Dollar wisselkoers want alle ontledings word tans in die buiteland gedoen. Elke lid se bydrae tot hierdie projek is die deeglike insamel van produksiedata en die sukses sal afhang van dit wat u op die plaas meet en aanteken. Ons sal beslis meer data moet insamel en die minimum data wat vir keuring vereis word, is net nie meer goed genoeg nie. Ek is dus verheug oor die toename van bulle wat by die Rouvus Groeitoetsstasie getoets word. Op die plaas groeitoetse neem ongelukkig baie af en ek wil 'n beroep op u elkeen doen om dit te ondersteun. Gewigte van kalf en moeder by geboorte en speen word al hoe belangriker.

Om u 'n idee te gee - by die huidige DNA ontledings word 17 merkers deur middel van "mikro-satelliete " opgespoor en aan die hand daarvan word ouerskappe bepaal. Met SNP ontledings tydens genomika word reeds met 700 000 merkers of allele gewerk. (Veeplaas 6/8, p.73) en daar is reeds merkers vir elke aspek van die dier en sy samestelling. Die poena geen is reeds geïdentifiseer as alleel 303 of 305 en daar is reeds verskeie diere getoets daarvoor. Genomika is nie die alfa en omega van beesboerdery nie, maar daar is beduidende voordele soos ontwikkeling aangaan. Johann Fourie, Henk Delport en ekself het al van hierdie werkswinkels bygewoon.

KEURINGS EN KEURDERS OPLEIDING

Jean van der Merwe het ons kursusmateriaal opdateer en op die webtuiste beskikbaar gestel. Dit is uitstekende werk gedoen, Jean. Gedurende Januarie 2015 is daar 'n Beginnerskursus op Gryshoek naby Volksrust gehou. Van die 15 deelnemers het 12 geslaag. Die aanbieders van die kursus was Piet de Villiers, Pikkie Uys en Jean van der Merwe.

Die Grootfontein kursus by Middelburg in die Oos-Kaap is ook weer eens aangebied. Jean van der Merwe het gesorg dat al die materiaal ook in Engels beskikbaar is en ook gesorg vir die druk en bind daarvan. Aanbieders was Piet de Villiers, Johannes Retief, Grant Naude en Clift Frewen.

Die keurdersvergadering is by ons ou kantoorgebou op Volksrust gehou en die aand het die keurders, leerders en die Raad tot vroegoggend besin oor die pad vorentoe. Die volgende oggend vertrek almal Gryshoek toe en is die prakties gedoen soos wat elke groep, soos hul op toer gaan, reeds saamgewerk het. Carel Nel, Fanie van Dyk en Pikkie Uys was die kursusleiers.

As ek ingeheel na ons keurdersopleiding kyk, sien ek dat die verlies van verskeie senior keurders 'n uitwerking in die praktyk het. Die gevolg is dat praktiese opleiding dringend meer aandag moet kry. Goeie beeskenners of "stockmen" kan alleen deur meer praktiese ervaring gebou word. Hierdie saak is al by verskeie geleenthede geopper maar nog nie uitgevoer nie. Vir ons nuwe jaar sal hierdie saak aandag moet kry.

Hier volg nou 'n opsomming van die keuringstoere.

	BULLE				VERSE				1STE AANVAAR-DINGS		
TELER	Gesien	Goedgekeur	Afgekeur	Staan oor	Gesien	Goedgekeur	Afgekeur	Staan oor	Gesien	Goedgekeur	TOTAAL
Mpumalanga	80	58	18	4	150	136	14		82	49	243
Noord-Wes Gauteng	67	51	16	0	162	140	18	1	21	15	206
Vrystaat	23	16	7		259	217	42		581	170	403
Volksrust Natal	47	32	13	2	116	110	6		40	32	174
Brandfort	44	31	13		121	100	20	1			131
Oos-Kaap	1	0	1		13	12	1		1	1	13
Noord-Kaap Namibië	123	90	35		148	139	9		22	19	248
Karoo	88	52	29	7	134	118	15	1	10	9	179
Gryshoek	0	0	0		0	0	0				0
	473	**330**	**132**	**13**	**1,103**	**972**	**125**	**3**	**757**	**295**	**1,597**

	(a) KM GEREIS	(b) KM GEREIS	TOTAAL	TARIEF	R-WAARDE
Mpumalanga	1,462.00	390.00	**1,852.00**	R 3.35	**R 6,204.20**
Noord-Wes Gauteng	1,470.00	847.00	**2,317.00**	R 3.35	**R 7,761.95**
Vrystaat	680.00		**680.00**	R 3.35	**R2,278.00**
Volksrust Natal	1,495.00	-	**1,495.00**	R 3.35	**R 5,008.25**
Brandfort	975.00	140.00	**1,115.00**	R 3.35	**R 3,735.25**
Oos-Kaap	905.00	-	**905.00**	R 3.35	**R3,031.75**
Noord-Kaap Namibië	1,100.00	3,347.00	**4,447.00**	R 3.35	**R14,897.45**
Karoo		2,900.00	**2,900.00**	R 3.35	**R 9,715.00**
Totaal			**15,711.00**	**R 3.35**	**R52,631.85**

SPESIALE KEURINGS 2014/15

		BULLE			VERSE			1STE AANVAARDINGS		
JAAR	TELER	Gesien	Goedgekeur	Afgekeur	Gesien	Goedgekeur	Afgekeur	Gesien	Goedgekeur	Afgekeur
2014	J A Rautenbach	30	17	13						
	Jacobsz Familie	36	29	7						
	P Taljaard	6	6					11	11	0
	Rouvus	42	34	8	47	40	7			
	Black Hills	5	3	2						
	Dr J Fourie	5	5	0						
	Neuman Broers	100	80	20						
	J P Botha	31	23	8						
	Dr J Fourie	15	13	2	55	52	3			
	Cumin Drakensbergers	9	6	3						
	Delram/Rouvus				??	??	??	??	??	??

		BULLE			VERSE			1STE AANVAARDINGS		
JAAR	TELER	Gesien	Goedgekeur	Afgekeur	Gesien	Goedgekeur	Afgekeur	Gesien	Goedgekeur	Afgekeur
2015	W Watermeyer	4	4							
	Theunissen Drakensbergers				3	3		4	3	1
	Black Hills							17	17	
	Cumin Drakensbergers	20	8	12						
	J A Rautenbach	36	21	15						
	D F du Toit	12	11	1						
	Rouvus	?	?	?						
	TOTAAL	**351**	**260**	**91**	**105**	**95**	**10**	**32**	**31**	**1**

Ons keurders het geweldige opofferings gemaak deur hul boerderye en families agter te laat om hierdie taak te verrig. Dit bly egter 'n uiters noodsaaklike deel van ons keuringstelsel en u bydrae word waardeer. Telers word versoek om hul korrekte keuringsdokumente beskikbaar te hê vir die keurders.

LEDE EN GETALLE

Nuwe lede aangesluit

Theunissen Drakensbergers:	JP Theunissen (Parys)
Rooipad Drakensbergers:	Werner Vermeulen (Dibeng)
BTS Drakensbergers:	Claude Bentley en Hardus Holtshauzen (Secunda)
Indele Drakensberger:s	Francois Dreyer (Memel)
Vicking Pony Properties 28:	Niel Pienaar (Verkykerskop)

Lede bedank

- R V Ferguson.
- P S Degenier.
- Marico Vallei Drakensbergers.
- T Niemand (oorlede).

Totaal lede	75
Spesiale lede	8
Ere-lede	6

DIE RAAD

Die Raad van 9 lede word deur u as lede by die AJV verkies en ek kan meld dat elkeen sy kant gebring het. Die dagbestuur, naamlik Magiel Blom, Willie Landman, Rodney Neuman en Johann Fourie is verantwoordelik vir die dag-tot-dag bestuur. Tegnologie het dit baie maklik gemaak om te kommunikeer. Besonderse dank aan hierdie manne vir hul tyd en die opofferinge wat hul maak. Ek glo nie u is bewus van hoeveel tyd daar aan die Genootskap se sake bestee word nie. Ons het vyf Raadsvergaderings asook vyf Dagbestuursvergaderings gehad (as telecoms). Verskeie telefoongesprekke en e-posse het ook gevolg. Daar is notules van al hierdie vergaderings gehou en sake is opgevolg. Hieronder volg die streke en portefeuljes soos aan elke Raadslid toegeken.

Magiel Blom	Gauteng en Limpopo asook al die komitees.
Willie Landman	Ooste van Noordwes en Botswana, al die komiteebegrotings en reklame.
Rodney Neuman	Oos-Vrystaat, SHDK, borge, finansies en nasionale veiling.
Johann Fourie	Weste van Noordwes en Noord-Kaap, NWDK, navorsing en voerkrale.
Gawie Roux	Noord- en Wes-Vrystaat, VDK, tegniese komitee en kalender.
Fanie van Dyk	Suid-Vrystaat en Karoo, Nampo. Johannes Retief is mede-verantwoordelik vir die Oos-Kaap en Karoo gebied.
Carel Nel	Wes-Kaap en Namibië, 6+ Groep, voortgesette opleiding van keurders en 2014 se nuusbrief (eindredakteur).
Pikkie Uys	Mpumalanga en Kwazulu-Natal en keurders opleiding. Edmund Schroeder is medeverantwoordelik vir KwaZulu-Natal.
Henk Delport	Nampo en korporatiewe skakeling.
John Roos	Ere-president.
Dr Hannes Dreyer	Gekoöpteer as tegniese raadgewer.
Gert du Preez	Gekoöpteer namens die kommersiële boere.

Die Hoëveld Studiegroep het Gert aangewys as hul verteenwoordiger. Alhoewel elke Raadslid medeverantwoordelik is vir die kommersiële boere in sy streek, bly die die verkose verteenwoordiger van die Hoëveld Studiegroep en Noord-Oos-Vrystaat hul spreekbuis.

Die kommersiële telers is en bly 'n belangrike bron van genetika. Die kwaliteit van hul diere spreek vanself en verskeie diere uit daardie kuddes is tot ons Hulpstamboek A register toegelaat. My grootste bekommernis is dat daar soveel uitstaande genetika in daardie kuddes is waartoe ons nooit toegang kan verkry nie. Ons het al sover gegaan om nuwe diere as Eerste Aanvaardings gratis toe te laat en geen heffings op hul te plaas nie, net hul direkte keuringskoste en Stamboek fooie. Ek het egter minder reaksie gekry as verwag.

VOERKRAAL AANGELEENTHEDE

Die voerkraal aspek is seker die grootste remmende faktor in die uitbreiding van die Drakensberger ras en kan as die albatros om ons nek genoem word. Die Raad onder dr. Johann Fourie se leiding het al uit sy pad gegaan om die probleme aan te spreek. Johann Fourie en Willie Landman het die voerkraalvereniging besoek en voerkrale is besoek soos onlangs deur die 6+ Telers na Beefmaster in Christiana. Nagraadse studie is gedoen en verskeie navorsingsprojekte is geloods. In samewerking met MSD is 500+ kalwers geïmmuniseer met Respiravax en was die mortaliteit slegs 0.6%, by verre beter as die voerkraal gemiddeld. 'n Groep van 250 kalwers is met Bovishield, geskenk deur Zoetis, onder toesig van dr. Ben Potgieter van Ermelo geïmmuniseer. Die mortaliteit was 0%. Hierdie kalwers is almal uit kommersiële kuddes geneem. Hierdie proewe word meestal in die oostelike gebiede van die land gedoen en ons sal dit moet uitbrei na die westelike gebiede. Wat is die verhouding wat die kommersiële boer met die aankoper van sy kalwers het? Dit blyk een van die grootste probleme in die ooste te wees - verwagting dat die kalf moet presteer ten spyte van herkoms of teler insette. Dit het tyd geword om pa te staan vir dit wat jy produseer en trots op jou diere se prestasieverslag na die voerfase aan te dring. As die kliënte (kopers) verwag dat die telers moet pa staan vir hul produk (die bul), kan dieselfde nie verwag word van hul produk (die kalf)?

Om ons en ons bulkopers toe te rus met kennis, het ons besluit om 'n dagboek saam te stel met die nodige immuniseringsinligting en ook navorsingsresultate sodat dit byderhand is as die oningeligte aankopers ons verder wil boelie. Alda Fourie is reeds besig met die samestelling daarvan. Die kopers op amptelike veilings die afgelope 3 jaar sal in aanmerking kom vir so 'n dagboek asook elke lid wat sy rekening reeds betaal het - ongeveer 400 dagboeke teen 'n beraamde koste van R38,000.00.

VEILINGS

Die Nasionale Veiling in April 2015 het ons veilingsjaar ingelui en diere van uitstaande kwaliteit is aangebied.

Opsomming van die Nasionale Veiling

Bulle

VERKOPER	AANBOD	VERKOOP	%	GEM. PRYS	HOOGSTE	KOPER HP BUL
CH Nel	2	2	100	R58,750.00	R67,500.00	JPJ van Vuuren
Black Hills Drakensbergers	2	2	100	R41,250.00	R50,000.00	Dr HA Schütte
Van Dyk Broers	2	2	100	R33,750.00	R40,000.00	JG Geyser
DF du Toit	1	1	100	R32,500.00	R32,500.00	Otjiwa Boerdery
Dr J Fourie	2	2	100	R30,000.00	R35,000.00	Dr HA Schütte
JA Rautenbach	2	1	50	R30,000.00	R30,000.00	JG Geyser
EM Schroeder	2	1	50	R30,000.00	R30,000.00	JA Rautenbach
ELJ van der Merwe	3	2	67	R28,750.00	R32,500.00	Black Hills Drakensbergers
HJ van Staden	3	2	67	R26,500.00	R30,000.00	CH Nel
JP Botha	2	2	100	R25,000.00	R25,000.00	PWB Uys
Bezuidenhout Broers	1	0	-	-	-	-
JPJ van Vuuren	1	0	-	-	-	-
J & E Dhooge	1	0		-	-	-
Die Rodora Drakensbergers	1	0	-	-	-	-
TOTAAL	**24**	**16**	**67**	**R34 218.75**	**R67 500.00**	

VERKOPER	AANBOD	VERKOOP	%	GEM. PRYS	HOOGSTE	KOPER HP BUL
Neuman Broers	2	2	100	R23,750.00	R25,000.00	LC Botha
LA Neuman	2	2	100	R20,000.00	R20,000.00	BTS Drakensbergers
JH Potgieter	2	2	100	R20,000.00	R20,000.00	JI Van Zyl Naude
JP Botha	2	2	100	R18,500.00	R20,000.00	PWB Uys
J & E Dhooge	2	2	100	R17,500.00	R20,000.00	Dr. FJ Barnard
HJ van Staden	2	2	100	R14,500.00	R16,000.00	Schalk Burger
Die Rodora Drakensbergers	2	2	100	R13,250.00	R13,500.00	Theunissen Drakensbergers
PWB Uys	2	2	100	R11,500.00	R12,000.00	Dr FJ Barnard
Me. LA Foster	2	2	100	R9,000.00	R9,000.00	DF du Toit
ELJ Van Der Merwe	2	2	100	R8,750.00	R10,000.00	PWB Uys
Me. M de Villliers	2	0	-	-	-	-
TOTAAL	**22**	**20**	**91**	**R19,050.00**	**R25,000.00**	

Produksie-, Alle Ras- en Klubveilings het gevolg en op elke veiling was daar Beskermhere teenwoordig om die beste kwaliteit te verseker.

Die hoogste prys vir 'n bul behaal is R234,000.00 vir F110012 van LA Neuman op Neuman Broers se veiling gekoop deur Cronjé Boerdery van Vrede.

Buffalo Valley se 48ste produksieveiling bulle verkoop 67% bulle teen gemiddeld R29,881.00 en 9% vroulike diere teen gemiddeld R14,268.00. KwaZulu-Natal se Bulveiling verkoop slegs 2 bulle teen 'n gemiddeld van R20,500.00. Rouvus veiling behaal die hoogste prys van R100,000.00 en Delram Boerderye 'n gemiddeld van R38,709.00 met 96% verkope.

Karoo Drakensbergers hou hul beste veiling met 100% verkope en gemiddeld van R27,231.00. By die Oos-Transvaalse Alleras veiling te Ermelo verkoop Petrus Taljaard drie bulle teen gemiddeld R26,333.00. Neuman Broers veiling se gemiddeld is R43 415.00 en verkope van 94%. 115 Graad verse verkoop teen @ R10,922.00. By Kuruman bulveiling verkoop Johann Fourie 2 bulle (100%) teen gemiddeld van R32,000.00.

By Calela veiling is die verkope 70% met gemiddeld van R27,278.00. BTS Drakensbergers koop die duurste bul vir R42,000.00. Moeilikheid & Bracherleigh se verkope is 54% met gemiddeld R24,538.50 en 6 verse vir R7,417.00 @. PM Erasmus koop die duurste bul vir R37 500.00.

Vrystaat DK se veiling verkope haal 5% met 'n gemiddeld van R29,500.00. Die hoogste prys is R46,000.00 (verkoper Johan Rautenbach en koper Hannes Rautenbach). By OTDK se veiling is die verkope 54% en die gemiddeld R24,654.00 Die duurste bul verkoper is Peet van Vuuren met koper Gerhardus van Rensburg teen R40,000.00. 6+ Telers se veiling verkope is 24% met gemiddeld van R24,500.00. Vroulike diere haal 100% verkope met koeie en kalwers teen R9,955.00 en dragtige koeie teen R7,166.00.

VEEGETALLE EN VERDELING VOLGENS STREEK

VRYSTAAT	MPUMALANGA	NOORDWES	NOORD-KAAP	GAUTENG	KWAZULU-NATAL	OOS-KAAP	NAMIBIË	AUSTRALIË	TOTAAL
5,103	4,136	1,308	1,044	1,017	642	518	339	37	14 144
36.1%	29.24%	9.25%	7.38%	7.19%	4.54%	3.66%	2.4%	0.26%	100%

Ek noem enkele syfers ten opsigte van ons TKP soos op 1 Julie 2015.

Ras gemiddelde TKP

Jaar	2011	2012	2013	2014	2015
Dae	432	430	428	427	424

Kuddes met TKP van minder as 400 dae

NAAM	KOEIE	1STE KALF	TOTAAL	TKP
KUDDES BO 100 DIERE				
JA Rautenbach	90	40	130	383
Neuman Broers	120	37	157	385
Neusberg Drakensbergers	95	19	114	396
LA Neuman	127	48	175	398
30 tot 99 koeie				
EM Schroeder	42	14	56	365
Nitique Boerdery	16	14	30	370
Black Hills Drakensbergers	22	10	32	371
MC Blom	31	7	38	378
Van Dyk Broers	62	21	83	386
Otjiwa Boerdery	45	1	46	388
Bezuidenhout Broers	53	15	68	394
CH Nel	70	20	90	395
Morgenzon Landbou	66	7	73	395
Me. L A Foster	40	17	57	395
DF du Toit	65	20	85	397
Kuddes bo 20 koeie				
JI van Zyl Naude	17	8	25	375
JG Ehlers	18	6	24	382

Daar is 1,840 laat geboortes gedurende jaar aangeteken met 'n groot persentasie meer as 150 dae laat waar ons genoodsaak is om boetes te hef. Kommerwekkend is die aantal kuddes wat nie kalwers vir 2014 ingeskryf het nie. Ons Ras se genetiese analise word hierdeur totaal onakkuraat gemaak en die invloed op kudde analises is ook uiters negatief.

PRESTASIES VAN KUDDES.

Toekennings vir 2015

- AS van Niekerk Trofee vir beste TKP vir kuddes 35 tot 99 koeie:

  E Schroeder – 365 dae oor 56 koeie
- Embee trofee vir beste TKP vir kuddes met meer as 100 koeie:

  Johan Rautenbach – 383 dae oor 130 koeie
- AECI trofee vir die kudde wat die beste vordering getoon het die afgelope jaar:

  Genomineerdes: **LA Neuman**

  Ottawa Boerdery

  Nitique Boerdery
- Eppie Nel trofee vir die persoon wat die meeste gedoen het vir rasbevordering 2014:

  Genomineerdes: **Jean van der Merwe**

  Pikkie Uys
- Pfizer Trofee vir die bul met die beste VOV:

  Gawie en Frik Roux **GR130070 met VOV van 4.97**
- VBRSA se trofee vir die veld getoetste bul wat die hoogste prys behaal:

  LA Neuman - F1100012 vir R234,000.00
- Toekenning vir kudde met beste speen data geborg deur Rouvus:

  E Schroeder

STATISTIEKE VOLGENS SA STAMBOEK SE JAARVERSLAG

SA Stamboek statistieke soos op 31 Desember 2014

	Kuddes	Kuddes	Manlik	Manlik	Vroulik	Vroulik	Totaal	Totaal
Jaar	**2013**	**2014**	**2013**	**2014**	**2013**	**1014**	**2013**	**2014**
Drakensberger	81	75	5 325	5 170	12 757	11 641	18 082	16 811
Alle Rasse by Stamboek	2,298	2,077	130,404	101,319	356,978	283,553	487,382	384,872

PRESTASIE GEMIDDELDE

Manlik

	DRB	DRB	DRB	DRB	Stamboek rasse	Stamboek rasse
Jaar	**2013**	**2014**	**2013**	**2014**	**2013**	**2014**
Geboorte	1 628 diere	2,086 diere 1,565 geweeg	35.56kg	34.8 kg	35.1 kg	35.3 kg
Speen	1 338 diere	1,551 diere	232kg	214.6 kg	232 kg	224.3 kg
12 maande	763 diere	777 diere	261 kg	252.9 kg	301 kg	290.2 kg
18 maande	419 diere	447 diere	362kg	366 kg	421 kg	398.2 kg

Vroulik

	DRB	DRB	DRB	DRB	Stamboek rasse	Stamboek rasse
Jaar	**2013**	**2014**	**2013**	**2014**	**2013**	**2014**
Geboorte	1 691 diere	2,011 diere 1,583 geweeg	33.5kg	32.8 kg	33kg	33.34 kg
Speen	1 362 diere	1,572 diere	214kg	197.5 kg	217 kg	209.1 kg
12 maande	1 144 diere	1,099 diere	228 kg	237.7 kg	258 kg	252.8 kg
18 maande	768 diere	831 diere	313kg	317.7 kg	334 kg	328.2 kg

GROEI TOETSE

	Sentrale toetse DRB	Sentrale toetse DRB	Alle Stamboek rasse	Alle Stamboek rasse	Op die plaas toetse DRB	Op die plaas toetse DRB	Alle Stamboek rasse	Alle Stamboek rasse
Jaar	**2013**	**2014**	**2013**	**2014**	**2013**	**2014**	**2013**	**2014**
Aantal	63	89	860	807	208	245	10,157	10,387
Finale gewig kg	375	392.2	410	423.2	407	400.7	409	408.3
GDT gram	1,526	1,503	1,659	1,728	1,200	1,094	1130	1,300
VOV	5.95	6.3	5.83	6.01				
Skrotum mm	320	334.3	328	339.6	332	336.4	327	338.6
RTU	61 diere	89	585 diere	753 diere		46		1720

	Drakensberger	Drakensberger	Alle Stamboek rasse	Alle Stamboek rasse
Jaar	**2013**	**2014**	**2013**	**2014**
OEK	32.8 maande	1.012 dae	30 maande	962 dae
TKP	419 dae	424 dae	409 dae	415 dae
Koei/kalf geboorte	7.19% (466 kg)	471 kg	6.72% (491 kg)	492 kg
Koei/kalf speen	43.06% (497 kg)	494 kg	43.75% (496 kg)	496 kg

Indien na hierdie syfers gekyk word, is dit baie duidelik dat die Drakensberger telers inderdaad baie het om op trots te wees. Die memorisering van sommige van hierdie syfers sal die kompeterende wêreld waarin ons ons bevind, makliker maak. Is dit nie so dat 'n ander persoon, met 'n enkele feit, 'n groot hoeveelheid twyfel kan saai deur 'n goed gemikte opmerking op die regte tyd nie? Hierdie syfers vertel die ware storie - gebruik dit tot almal se voordeel.

Die Drakensberger koei se gewig neem toe met 23 kg (verlede jaar 31 kg) terwyl sy haar kalf soog teenoor al die rasse se gemiddelde toename van 4 kg (verlede jaar 5 kg).

Ek sluit die jaarverslag deur aan Linda hulde te bring vir haar bystand deur die jaar en by elke geleentheid wat ons namens die Genootskap bygewoon het. Ook haar geduld met die laat nagte wat ek in die kantoor deurbring vir die Genootskap.

Ten slotte moet ek noem dat Bean, die papegaai, my dag soos volg opsom: wanneer die telefoon lui sal hy antwoord: "Hi Rodney", en as ek gewoon by hom verby loop: "Ja Johann" - tot vervelens toe leef hul elke dag in my lewe en getuig hy van die tyd wat ons saam op die telefoon spandeer.

Magiel Blom
September 2015